| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 221/04** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **27/09/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **29/09/2004** |

In die saak van:

**VOS, HENRY VINCENT LUCAS** Appellant

en

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Tlaletsi R*

---

**UITSPRAAK OP APPÉL**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant het in die Streekhof, Kimberley, skuldig gepleit op vier aanklagtes van diefstal. Dit is hom ten laste gelÍ dat hy op 25 Junie 2002 by vier verskillende sake ondernemings 'n skootrekenaar by elke onderneming gesteel het. Die

waarde van die rekenaars het gewissel van R11 612.00 tot R21 701.00.

Uit die pleitverduideliking van die appellant blyk dit dat hy en sy mede trawante hulle by twee geleenthede waarop die rekenaars gesteel is, voorgedoen het as personeel van ‘n onderneming wat brandblussers diens, en op die ander twee geleenthede as Telkom personeel wat Telkom apparatuur diens, en het hulle sodoende toegang verkry tot die geboue waar die rekenaars gesteel is.

2] Na skuldigbevinding is die appellant gevonnis tot twee jaar gevangenisstraf op elke aanklag, maar is gelas dat drie jaar gevangenisstraf saam uitgedien word; met die gevolg dat aan die appellant ‘n effektiewe termyn van vyf jaar gevangenisstraf opgelÍ is.

Die appellant kom nou in hoër beroep teen die vonnis hom aldus opgelÍ.

3] Die persoonlike omstandighede van die appellant is as volg deur die verhoorlanddros opgesom:

> *“Wat betref u persoonlike omstandighede het meneer Robertson my volledig toegespreek. U is 32 jaar oud. U is reeds tien jaar getroud. Vermoedelik binne die verband van ‘n uitgebreide gesin, is u en u eggenote verantwoordelik vir die versorging van ses afhanklikes. U is voltyds ‘n beriggewer van die polisie, volgens meneer Robertson, en verdien u daarmee tussen R4 000.00 en R5 000.00 per maand.”*

4] Daarteenoor het die Landdros myns insiens heeltemal tereg as verswarend teen die appellant die volgende in ag geneem:

[41] Die appellant het ‘n vorige veroordeling van diefstal waaraan hy skuldig bevind en gevonnis is in 1995 tot agt maande gevangenisstraf waarvan ‘n gedeelte opgeskort was.

[42] Dat diefstal toenemend voorkom in die jurisdiksiegebied van die verhoorhof.

[43] Dat die appellant nie uit nood diefstal gepleeg het nie, maar suiwer uit gierigheid.

[44] Dat die diefstalle fyn beplanning geverg het.

[45] Dat die appellant hierdie beplande diefstalle by vier verskillende geleenthede gepleeg het.

[46] Dat die gesamentlike waarde van die gesteelde goedere meer as R64 000.00 beloop het.

5] Benewens die voorgaande het die Landdros tot die gevolgtrekking gekom dat, weens die erns van die misdade en die gereelde voorkoms daarvan, die persoonlike

omstandighede van die appellante minder gewig dra as die gemeenskapsbelang. Na my mening was hierdie benadering geheel en al geregverdig.

6] Duidelik het die Landdros geen mistasting begaan of homself in enige opsig wanvoorgelig nie. Die vonnisse die appellant opgelÍ is myns insiens ook nie skokkend swaar en/of onvanpas nie. Daar kan vervolgens nie met die vonnisse ingemeng word nie. Sien **S v Kibido 1998 (2) SASV 213 (HHA) te 216 g tot h.**

**Bygevolg word die appél van die hand gewys.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

LP Tlaletsi
**REGTER**

**Namens appellant:** Adv DP Olivier
**Namens respondent:**